# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

**6 September 2026**



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Baie welkom by vanoggend se Lentelofsangdiens. Dit is lekker om jou en jou gesin hier te hê.

Kuier jy vandag by Hoogland of sluit jy as nuwe lidmaat aan?
Kom maak gerus kennis by die info@PEHoogland-tafel in die voor-portaal en kry gerus ná die erediens 'n koppie koffie.
Die leraar(s) wil jou graag ontmoet.

Vir meer inligting:
Besoek asb die *webblad* www.pehoogland.co.za → Ek wil → Lidmaat word, stuur 'n *WhatsApp* na 079 815 9325, neem 'n "Nuwe Intrekkers"-koevert uit die brosjurevakkies of kontak Annalize by die kerkkantoor.

# Program van die dag



**09:00** Oggenddiens : Lentelofsangdiens - Ds Sunell Ribbens
**10:00** GVG in onderskeie lokale

*Deurkollekte: Gemeentebediening*

# Algemeen

## Program vir die week:

**Dinsdag: 8 September**
09:30 Bybelstudie oor Vergifnis
11:00 Gebedsaksie in die Kapel
18:00 Bybelstudie oor Vergifnis
**Woensdag: 9 September**
08:45 B/fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
18:30 Wyn op Woensdae
**Vrydag: 11 September**
05:15 Mannebyeenkoms
**Saterdag: 12 September**
10:00 Dorings & Daisies

## Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

## Dankie Hoogland!

Baie dankie aan elkeen wat die Vetkoek Vrydag so mildelik ondersteun het. Dit was 'n reuse sukses.
Ons maak sommer binnekort weer so!

## ONTHOU ASSEBLIEF :



Vir enige navraag, kaartjiebespreking, kosbestelling, WOW-bespreking, Gebedsversoeke of ander kommunikasie kan jy altyd Hoogland se WhatsApp-nommer 079 815 9325 gebruik. ALLE boodskappe word privaat en vertroulik deur die kerkkantoor hanteer en daar sal met jou bevestig word sodra jou navraag aandag geniet het.

- **WOW - Wyn op Woensdag, 9 September om 18:30**
  Reekstema : KOMMUNIKASIE. Dit begin NOU Woensdag, 9 September, maar jy moet bespreek! Navrae: gesels met Leandra
- **Gebedseminaar op 19 September saam met Stephan Joubert & Betsie Joubert.** Daar is nog kaartjies beskikbaar - kontak Caroline (061 451 1402) of vir Annalize in die kerkkantoor.
- **Hoogland Gholfdag - 24 September:** Gholfers is jou 4-bal al ingeskryf? Ons is nog opsoek na borge vir die bowwe en pryse. Gesels gerus met Richard Moore

# Kerkraad: Is die Here dalk besig om jou te roep?



Daar is die volgende vakatures op Hoogland se Kerkraad.

- Multimedia (klank/data/kamera & direkte beeldsending)
- Behoort / Gemeenskap (Verwelkoming by die deure / Koffie bediening)
- Insluiting (*Divorce Care/*Nuwe Lidmate verwelkoming)
- Visie (Kerkraad)

Nominasievorms is beskikbaar in die brosjurehouers of kan by Leandra (leandra@pehoogland.co.za ) in die kantoor aangevra word. Voltooide vorms kan tot **Maandag, 7 September om 12:00** by die kerkkantoor ingehandig of per e-pos na leandra@pehoogland.co.za gestuur word.

Mag hierdie proses met gebed en onderskeiding gepaard gaan, in vertroue dat die Here die regte mense sal roep om met liefde, wysheid en diensbaarheid leiding te neem.

## Help hou die ketel aan die kook!

Sondagkoffie ná die erediens is deel van Hoogland se lekker saamkuier en egte gasvryheid! Om die koffietafel elke week aan die gang te hou, is enige bydrae baie welkom.

Is jy daardie persoon wat nie meer kontant saamdra nie? 'n Pak suiker, "*hot chocolate*" of 'n boks melk wat saam kerk toe kom, help net soveel. Laat jou donasies gerus by die koffietafel of kom gee dit by die kerkkantoor af.

Elke klein bydrae help om die ketel aan die kook en die saamkuier warm te hou!


## Die Nood is altyd groot ...

Die behoefte aan warm klere – veral mansklere en skoene – asook warm komberse is groot.
Hoogland se Noodspens bly ook maar altyd onder druk en enige nie-bederfbare kos maak 'n verskil.

Dalk is daar iets in jou kas of inkopiemandjie wat jy met iemand anders kan deel.

Bring dit gerus saam kerk toe of lewer dit by die kerkkantoor af.

'n Klein gebaar van jou kant kan vir iemand anders groot verligting bring.



## Uit die hart:

Het jy al agtergekom hoe ’n nuwe seisoen jou soms verras?
Jy ry dieselfde pad werk toe. Jy stap verby dieselfde boom. Jy maak dieselfde voordeur oop. Op ’n gewone oggend, sien jy dit skielik: ’n nuwe, groen blaartjie. ’n Blom waar daar gister nog niks opvallends was nie. Die lig val net effens anders. Die voëls begin vroeër sing.

Dan wonder jy: Wanneer het dit gebeur?
Die waarheid is: waarskynlik lank voordat jy dit raakgesien het.
Lente arriveer selde met ’n groot aankondiging. Dit gebeur stil. Onder die grond. In ’n knop wat stadig swel. In ’n tak wat nog kaal lyk, maar reeds besig is om lewe te dra. Iets verander lank voordat ons dit kan sien.

Dit laat my wonder hoeveel van die mooi in ons eie lewens ons miskyk omdat ons so haastig is om by die volgende ding uit te kom.
Ons wag maklik vir die groot oomblikke: die groot antwoord, die groot deurbraak, die dag wanneer alles uiteindelik anders voel. Intussen gebeur lewe dikwels in baie kleiner ruimtes.

In ’n kind wat uitbundig lag oor iets wat vir ons onbenullig lyk.
In iemand wat onthou om te vra hoe dit regtig gaan.
In die eerste slukkie koffie op ’n stil oggend.
In reën op droë grond.

In ’n sonsondergang waarvoor niemand kaartjies verkoop het nie.
In ’n nuwe dag wat eenvoudig weer aan ons gegee word.
Miskien is dit een van lente se grootste geskenke: nie net dat die wêreld weer mooier word nie, maar dat dit ons leer om weer te kyk.... om stadiger te leef, om raak te sien en om nie so vinnig deur die gewone te beweeg dat ons die wonder daarin mis nie.

Dit is waar geloof ons oë anders leer kyk. Nie net om die mooi dinge raak te sien nie, maar om daarin weer iets van God se goedheid en getrouheid te herken.
Ons vier vandag ons Lentelofsangdiens en word opnuut uitgenooi om hierdie nuwe seisoen binne te gaan en weer te kyk... kyk na wat groei, kyk na wat lewe en kyk na wat ons so maklik as vanselfsprekend aanvaar.

Soms is die wonder nie dat God skielik goed begin wees het nie. Soms is die wonder dat ons oë weer oopgaan vir die goedheid wat reeds oral rondom ons was.

Ds Sunell